

Saterdag 10 September

Skrifgedeelte: 1 Johannes 2:18-23

Fokusgedeelte: 1 Johannes 2:22-23

Die leuenaar en Antichris

Alhoewel Johannes moontlik nie die finale verskyning van 'n vooraanstaande Antichris aan die einde van die geskiedenis ontken nie, leer hy ons ook dat ander “mindere” antichriste, in die vorm van valse leraars, vooraf sal kom.

Johannes kontrasteer leuenaars en mense wat die waarheid het, sodat ons die gees van die antichris kan herken wanneer dit voorkom. Vers 22 vertel ons dat iemand wat ontken dat Jesus die Christus is, die leuenaar en die antichris is. Die spesifieke ontkenning wat hier gesien word, is nie net 'n ontkenning dat Jesus die Messias is nie, maar 'n ontkenning van sy menswording. Ons belydenis van Christus se menswording is noodsaaklik vir ons geloof en 'n belangrike manier waarop ons van verlossing verseker is (1 Joh. 1:1–4). In plaas daarvan om die Christus te beskou as die ewige Seun van God wat mens geword het, het hierdie kettere gesê dat Jesus sy hele lewe 'n blote man gebly het en slegs die “gees van Christus” besit het.

Vandag is baie mense bereid om Jesus “die Christus” te noem, maar hulle ontken sy menswording. Moslems aanvaar byvoorbeeld Jesus as die Messias, maar ontken dit beteken dat Hy die vleesgeworde Seun van God is. 1 Johannes 2:23 herinner ons egter daaraan dat as ons Jesus “die Christus” noem, maar die apostoliese getuienis oor sy persoon nie aanvaar nie, ons Hom en sy Vader in werklikheid ook verloën het.

'n Mens kan Jesus nie regtig as die “Christus” erken nie, tensy hierdie titel Bybels omskryf word. In ons tyd hou baie aan om die lof van die Christus te besing, maar ontken noodsaaklike waarhede oor sy persoon en werk, insluitend sy godheid en die noodsaaklikheid van die vervangende versoening. As ons hierdie dinge bely, bevestig ons dat die Messias nie net 'n mens is nie, maar die vleesgeworde Seun van God. Neem vandag tyd om die Bybelse lering oor die persoon van Christus soos in die Geloofsbelydenis van Nicea bely word, te hersien.

Sing: Skrifbelydening 5:1, 2

Ds. GD Oosthuizen (Orrie) (Uitschot)